VOLUME 2/2007

NOVEMBER 2007

STRUISIEBONDER

HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

# WILMA VAN DER BIJL "KOM HUIS TOE"



**Een van ons bekendste oudStruisies en Mej SA van 1987, Wilma van der Bijl-Tapanlis, is deur die Struisie-bond met die Officia Tua Diligïmus vereer tydens die prysuitdelings-funksie op 2 Oktober 2007.**

As deel van Struisies se gemeenskaps-betrokkenheid het sy ook as gasspreker by 'n "High Tea" by De Opstal [ Schoemanshoek] opgetree. .

Wilma bring haar vormingsjare op Oudtshoorn deur – eers as leerder van Laerskool Wesbank en daarna voltooi sy haar matriekjaar in 1980 as trotse Struisie. Sy bekwaam haar as apteker aan die Universiteit van Kaapstad [1984] terwyl sy deeltyds ook as model optree.

In 1987 word sy gekroon as Mej SA. Na haar suksesvolle jaar as Mej SA, maak sy haar merk in die besigheids-wêreld. Sy raak betrokke by die ver-vaardiging van kosmetiekmiddels, kaas- en wynbemarking en tans spits sy haar toe op die invoer en verspreiding van juweliersware. Sy het ook dikwels opgetree as beoordelaar van Mej. SA- en Mej. Wêreldkompetisies.

Haar leuse in die lewe is dat jy altyd jou drome moet leef, maar wys ook daarop dat dié per-fekte reënboog uit sonskyn én reën bestaan. As iemand wat reeds met die reënkant van die lewe kennis gemaak het, maar steeds haar gesig na die son gedraai hou, is Wilma ook baie betrokke by gemeenskapsdiens en lê borskanker haar na aan die hart. Sy is onder andere ook beskermheer van die Rooikruis-hospitaal in Kaapstad, die Sun-flower Foundation asook Towers Trust Inisiatief.

Wilma is in 1994 getroud met die sakeman Ari Tapanlis en hulle het twee kinders, Alexia [9] en Nikolaos [8].

Oudtshoorn, en in die besonder Hoërskool Oudtshoorn, is trots op Wilma en deel haar graag met die gemeenskap.

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

IN HIERDIE UITGAWE

| | |
|---|---|
| Uit die pen van die voorsitter | 2 |
| Towers Trust Initiative | 2 |
| †Tannie Mariaan | 3 |
| Fotobeeld | 3 |
| Kortnuus | 3 |
| Junior Bokkie | 4 |
| Internasionale gholf vir Erik | 4 |

Vir die 2008-kalender...

| | | |
|---|---|---|
| 22 | Febr | Kleure-atletiek |
| 12 | Mrt | OHSCAS |
| 21-29 | Mrt | KKNK |
| 19 | Apr | Sport: Lang-Gym |
| 12-14 | Jun | 0/13 Rugbytoernooi |
| 9 | Aug | STRUISIEDAG |

# Uit die pen van die voorsitter...



So het nog in jaar ten einde gekom by Hoërskool Oudtshoorn. As ons kan terugkyk op die jaar se aktiwiteite wil ek graag melding maak van die TTI. Baie dankie aan almal betrokke by al die beplaning en harde werk om hierdie langtermynprojek van die grond af te kry.

Baie dankie ook aan Dave v d Walt wat aan die hoof van hierdie projek staan vir al sy harde werk en lojaliteit. Ek wil dan ook alle oudStruisies en instansies nooi om by die TTI betrokke te raak om sodoende te verseker dat HO net die beste fasiliteite en geleenthede vir alle leerders van ons gemeenskap kan bied.

Met 2008 om die draai wil ek alle oudleerders nooi om betrokke te raak by die Struisiebond. Saam kan ons 'n verskil maak.

Aan al ons ouers, oudleerders, personeel en huidige leerders, mag dit 'n geseënde Kersseisoen vir een en elk van u wees en mag ons 2008 met al sy uitdagings positief aanpak.

Groete.
Manie Olivier

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

# TOWERS TRUST INISIATIEF/INITIATIVE

Dit is 'n algemeen aanvaarde feit dat opvoedkundige inrigtings, waarvan Hoërskool Oudtshoorn een is, vandag op 'n suiwer besigheidsgrondslag bedryf moet word. Finansies en opvoedkunde is onskeibaar en die mate waarin geld beskikbaar is, bepaal die stand en vooruitgang van die inrigting. In hierdie geval, Hoërskool Oudtshoorn.

Die Towers Trust gaan hom uitsluitlik daarop toespits om in samewerking met die Struisiebond aktiewe bemarking te doen onder oudleerders wat plaaslik en oorsee woonagtig is. Eerstens om belangstelling aan te wakker in die doen en late van Struisieland en tweedens om finansiële betrokkenheid te verkry wat aangewend kan word tot die ontwikkeling en welsyn van die leerders van Hoërskool Oudtshoorn.

Die Towers Trust is uitstekend geposisioneer om hierdie taak te verrig. Fondse sal deur die Raad van Trustees beheer word, wat op sy beurt weer deur 'n eksterne ouditeur gekontroleer sal word. 'n Bemarkingshoof is op 'n voltydse basis in diens van die Towers Trust met die uitsluitlike doel om die bemarkingsaksies van stapel te stuur en te bestuur.

Hierdie ambisieuse projek se sukses sal afhang van die erns waarmee die oudleerders in hierdie inisiatief sal inkoop en so die Raad van Trustees en Struisieland behulpsaam sal wees.

Ondersteun asseblief hierdie projek en help ons om Hoërskool Oudtshoorn 'n wêreldspeler in onderrig te hou.

&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&

It is an irrefutable fact that all educational institutions, of which Oudtshoorn High School is but one, henceforth be managed on a purely business principle. Finances and education have become inextricable and the availability of funds is the determining factor in the strength and progress of an institution, more specifically Oudtshoorn High School.

Towers Trust has as its primary objective, along with the Struisiebond, the active marketing of the school among all alumni locally and overseas. We would like to rekindle interest in the activities of Struisieland and secondly, to invite financial involvement which can be invested in the development and wellbeing of all learners at Oudtshoorn High School.

Towers Trust is superbly positioned for this objective. The Board of Trustees will manage all funds with prudence and all activities will be audited by an external firm. A marketing executive is currently employed by Towers Trust to launch and manage the marketing activities.

The success of this ambitious project will depend on the commitment by all alumni in support of the Board of Trustees and Struisieland.

Please support this project and help us keep Oudtshoorn High School a world-class agent in education.

STRUISIEBOND
TTi
TOWERS TRUST
INISIATIEF • INITIATIVE

*Per Laborem Ad Astra*

# Tannie Mariaan word baie gemis...



**Hierdie predikantsdogter van Burgersdorp en eggenote van Struisies se skoolhoof, mnr. Johan Claassen, sal nog baie lank onthou word deur die Struisies vir haar deurnis en die manier waarop sy alle leerders van Struisieland, en in die besonder die koshuisleerders, gekoester het.**

Alle oudStruisies wil hulde bring aan 'n "moeder" wat hierdie skoolgemeenskap aan die dood moes afstaan. Ons salueer haar.



REÜNIEGROEP: KLAS VAN '87

## KORT NUUS ...

- Dr Pieter Fourie [matriek, 1990] is pas aangestel as Professor in Politieke Studies aan die UJ.
- Dr Marlize Schoeman het ook haar doktorsgraad in Elektroniese Ingenieurswese aan US behaal.
- Mnr. Gerrit Rudolph, adjunkhoof van Struisies, is gekies as voorsitter van SWD Skolerugby.
- Mnr. Danie Oosthuizen is gekies as vise-voorsitter van SWD Skolekrieket.
- Dr Riana Smith [Alberts] is tans die hoof van ontwikkeling by Etihad, nasionale lugredery van VAE.
- Tiaan Reinhardt [2000] verwerf sy B.Compt Honneurs aan Unisa.
- Joleen Fourie word lid van die Golden Key International Society. Sy studeer tans BA Waarde en Beleidstudies aan Maties.
- Helgard Muller weer na 17 jaar tenniskampioen van Wesbankklub

Gaan asseblief na Struisies se webtuiste [www.oudhs.co.za] en voltooi die aanlyn-inligtingsvorm

Lees jou STRUISIEBONDER op www.oudhs.co.za

## FOTOBEELD...



PERSONEELKONSERT



REÜNIE : Klas van '87



PRYSUITDELING 2007



TTi - FUNKSIE



GROEN HISTERIE



BORGEFUNKSIE 2007



# SPORT


**HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL**

STRUISIEBOND
Posbus/P.O.Box 194
OUDTSHOORN 6620
6620

Tel : 044-2791623 x 17
Fax: 044-2725365
Email : struisiebond@oudhs.wcape.school.za


**STRUISIEBOND**

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

## ERIK SPEEL PUIK GHOLF IN DUITSLAND

Erik van Rooyen, nullospeler en puik gholfster van Struisies en die Suid-Kaap, het sy vlerke ook begin sprei en aan sy eerste internasionale toernooi deelgeneem. Hy behaal 'n skitterende 17de plek in die **Duitse Junior Meesters Toernooi** wat in Heddisheum gehou is.



Erik het hom alreeds gevestig as een van die beste junior gholfspelers in die Suid-Kaap. Hy was deel van die Suid-Kaap 0/18-span wat met die WP en Boland afgereken het en hy wen ook die Suid-Kaap Junior Toernooi wat vroeër vanjaar op Mosselbaai aangebied is.

## ENB STRUISIEDAG 2008

### 9 AUGUSTUS

**Tref nou reeds jou reëlings vir hierdie GROOT geleentheid !**

## NOG 'N JUNIOR BOKKIE


CAYLIB OOSTHUIZEN

Caylib Oosthuizen bou voort op die mooi rugbytradisie van die Struisies. Verlede jaar het Erinn Ewerts sy junior Bokkleure verwerf toe hy opgeneem is in die SA 0/18-Akademiespan.

Vanjaar het hierdie Struisie-voorry gewys wat in hom steek en is hy opgeneem in die SA 0/18-Akademiespan vir 2007.

Die Leeus het hom gekontrakteer en Caylib se toekomsplanne sluit o.a. in dat hy volgende jaar sy sport– en akademiese loopbaan aan die Universiteit van Johannesburg gaan voortsit. Baie geluk en sterkte.

## SWD KRIEKETKAPTEINS

Vanjaar is weer eens bewys watter kaliber sportleiers HS Oudtshoorn lewer deurdat beide die SWD seuns– en dogterspanne se kapteins uit Struisieland kom.

Baie geluk aan **Waldo Lategan** en **Hedwigg Pienaar** - hou Struisies se naam hoog!

**STRUISIEBOND**

**WENS ALMAL 'N GESEËNDE KERSFEES & VOORSPOEDIGE NUWE JAAR TOE**




# STRUISIEBOND

## HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

POSBUS/ P.O.BOX 194 OUDTSHOORN 6620
TEL 044-2791623 e.mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**LIDMAATSKAPVORM / MEMBERSHIP FORM**

*DUI AAN MET X / INDICATE WITH X*

OUDSKOLIER / EX-SCHOLAR ☐ ONDERSTEUNER / SUPPORTER ☐ OUDONDERWYSER / EX-TEACHER ☐

VAN / SURNAME : ________________________________

NOOIENSVAN / MAIDEN NAME : ________________________

VOORNAME / FIRST NAMES : __________________________

ADRES / ADDRESS : ______________________________

________________________________________________

KODE / CODE : __________

e-pos / e.mail : _________________________________

TEL: KODE/CODE :________NR/NO :___________________

MATRIEKJAAR / MATRIC YEAR : ______________________

**LEDEGELD / MEMBERSHIP FEE : R50 p.a.**

BETALING / PAYMENT : TJEK / CHEQUE : ☐

DIREK / DIRECT : ☐ STRUISIEBOND, NEDBANK, OUDTSHOORN, 1626 020930